Ag, my Here my God,
Waar begin ‘n sondaar mens dan ‘n gebed?

U is so groot en Magtig. U is alomteenwoordig, U is liefde,
Hoe sal U dan ooit tyd aan my ou gebedjie kan gee…. U het so baie om te doen.

Ek wil net graag dankie sê vir alles wat U vir my/ons doen, vir U genade so onbeskryflik groot,
Vir U liefde … so onvoorwaardelik en onverdiend.

Dankie dat U die “Master” van my “universe” is, dankie dat U my goed genoeg geag het om my ‘n mens te maak en nie ‘n niks nie.

Dankie vir al die kinders wat in my huis kon bly…..eie en ander.

Dankie dat hulle my ook kan leer en dat mens nooit te oud is om te leer nie.

Dankie vir my gesondheid, my huis, my kos, my klere my werk en my tydverdryf… dat dit nie 24/7 net werk is nie.

Here, ek smeek U dat U Koningkryk kom, laat U Wil geskiet, dat u my sondes sal vergewe ... so ontelbaar baie… soms sonder dat ek dit eers besef het en dit onwillekerig was of dat die tong vinniger as die brein was.

Here, Vader, Abba, eendag het iemand my gevra of ek nie maar op U skoot wil sit nie…. Dit was vir my regtig ‘n onverstaande vraag … hoe kan ek nietige mens verwag dat U tyd en aandag op my spandeer…. Hoe kan ek sondaar verwag dat U na my vlak moet daal en na my moet luister…. Dat U,U hande en Persoon moet BESMET sodat ek die voorreg sou hê om op U skoot te sit….

Nee Vader, ek vra dit nie… ek is bereid om langs U voete / onder op die grond by U voete te sit en ek is dankbaar daarvoor.

Help my asb Vader dat ek ander kan behandel en vergewe soos U my behandel en vergewe… help my asb dat ek nie sal neerkyk op ander nie en sal dink ek is beter as ander nie. Help my asb Vader dat ek ten alle tye nederig en eerbiedig sal wees en nie net wanneer ek in U teenwoordigheid is nie.

Vergewe dan weer eens my foute en sondes en versterk my asseblief teen die bose.

In U naams ontwil vra ek dit en nie omdat ek dit verdien nie.

Amen